Aansoek om Toelating

Baie dankie dat u Laerskool Dirkie Uys as onderrig instansie vir u kind oorweeg. Om u aansoek so spoedig as moontlik te verwerk versoek ons u vriendelik om op die volgende te let.:

AFDELING A:

Voltooi asseblief volledig en heg afskrifte van die volgende aan:

1. Geboortesertifikaat
2. Kliniekkaart
3. Mees onlangse Vorderingsverslag ("Rapport")
   (Net van toepassing op aansoeke vir Gr.2 tot Gr.7)
4. Vertrekkaart/Oorplasingsertifikaat indien van ander skool – slegs nadat aansoek goedgekeur is, inhandig met leerder se 1ste skooldag by Laerskool Dirkie Uys.

AFDELING B:

Neem asseblief kennis en stuur getekende vorm saam met aansoekvorm terug aan die skool.

AFDELING C:

Net aansoeke vir toelating tot Gr. R, 1, 2, en 3 moet hierdie afdeling voltooi.

AFDELING D:

Hierdie is vir u kennisname en toekomstige verwysing.

LET ASSEBLIEF DAAROP DAT ALLE AANSOEKE ONDERHEWIG IS AAN GOEDKEURING.

AFDELING A

AANSOEK OM TOELATING LAERSKOOL DIRKIE UYS

In Graad ..... vir 20.....

Vir Kantoorgebruik:

Toelatingsnommer:.....

Datum van toelating:.....

Familiekode: .....

Van		Geslag									
Noemnaam		Geboortedatum	J	J	J	J	M	M	D	D
Doopnaam/e											
Identiteit no.		Huistaal									
Onderrigtaal		Huidige graad									

VADER		**MOEDER**	
Naam en Van		Naam en Van	
Identiteit no.		Identiteit no.	
Huwelikstatus		Huwelikstatus	
Posadres		**Posadres**	
Woonadres		**Woonadres**	
Sel no.		Sel no.	
E-pos adres		E-pos adres	
Beroep / Werk		**Beroep / Werk**	
Werkgewer		**Werkgewer**	
Tel (W):		Tel (W):	

Persoon se Naam,Van en Tel/Sel no. wat gebel kan word as ouer(s) / voog nie beskikbaar is nie.

Persoon: Tel. / Sel no.:

Geloofsverband: (Merk met kruisie, spesifiseer onder "Ander")

Afrika	Bahai	Boedhis	Christen	Hindu	Joods	Islam	Ander: .....

Maatskaplike toelaag (bv. pleegsorg, ongeskiktheidstoelaag, ens.), spesifiseer:

.....

Het hy/sy reeds boeties/sussies in Laerskool Dirkie Uys? Indien wel:

1. Naam van leerder: .....in Graad: ..... Jaar: .....
2. Naam van leerder: .....in Graad: ..... Jaar: .....
3. Naam van leerder: .....in Graad: ..... Jaar: .....

PERSOON(E) SAAM MET WIE DIE LEERDER WOON (Voltooi slegs indien dit verskil van die ouers soos bo genoem)

Van en voorletters		Identiteitsnommer	
Kontakbesonderhede		Verwantskap	

PERSOON(E) WAT TOESTEMMING HET OM DIE LEERDER BY DIE SKOOL AF TE HAAL

Van en voorletters		Identiteitsnommer	
Kontakbesonderhede		Verwantskap	

MEDIESE REKORD

Ly die leerder aan enige chroniese siektes of allergieë?	JA		NEE	
Indien wel, spesifiseer:				
Ontvang die leerder enige behandeling vir bogenoemde siekte/s of allergieë?	JA		NEE	
Indien wel, spesifiseer:				
Het die leerder enige operasie/s ondergaan?	JA		NEE	
Indien wel, spesifiseer datum en aard van operasie(s):				

SIEKTES WAARTEEN LEERDER GEïMMUNISEER IS: IS KLINIEKKAART AANGEHEG? JA / NEE

NAAM VAN MEDIESE FONDS:

NAAM VAN HOOFLID:..... LIDMAATSKAPNOMMER:.....

Huisdokter..... Tel:.....

VORIGE SKOOLBYWONING

Was die leerder al **voorheen by Laerskool Dirkie Uys as leerder ingeskryf**? .....

Indien wel, wanneer (Jaar)? .....

Naam van vorige skool bygewoon: .....

Adres:.....Tel:.....

Rede vir skoolverlating:.....

Hoogste graad geslaag:.....Watter jaar? .....
(Heg 'n afskrif van jongste eksamenuitslag aan.)

ONDERNEMING DEUR OUER/VOOG

Ek onderneem,

1. dat ek hand- en skryfboeke wat aan my kind uitgereik sal word, volgens voorskrifte sal oortrek en versorg en ook op eie koste sal vervang indien dit sou wegraak of beskadig word.

2. dat ek sal toesien dat my kind die voorgeskrewe skoolreëls en skoolbeleid sal gehoorsaam en nakom.

3. dat ek die verpligte Onderriggeld soos deur die Beheerliggaam van Laerskool Dirkie Uys vasgestel, sal betaal.

VRYWARING

1. Hiermee gee ek, die ondergetekende toestemming dat my kind, soos bo vermeld, mag deelneem aan toere/uitstappies/sport, solank as wat hy/sy by Laerskool Dirkie Uys ingeskryf is.

2. Ek onderneem verder om die WKOD/Hoof en personeel te vrywaar/skadeloos te stel en kwyt te skeld van enige skade/verliese/beserings wat my kind a.g.v. watter oorsaak ook al gedurende die toere/uitstappies/sport mag opdoen, wetende dat die Skoolhoof of sy gemagtigde alle redelike voorsorgmaatreëls ten opsigte van my kind sal tref.

VERKLARING VAN OUER/VOOG

Ek, ... die ondergetekende ouer/voog van my kind, soos bo vermeld, verklaar hiermee dat die inligting hierbo na die beste van my wete korrek is.

Geteken te .....op hierdie .....dag van .....(maand)

.....(jaar).

....

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG **NAAM IN DRUKSKRIF**

AFDELING B

LAERSKOOL DIRKIE UYS, MOORREESBURG
TOELATINGSBELEID

A. SKOOLVISIE:

Laerskool Dirkie Uys glo in God drie-enig onder wie se leiding ons doelbewus ons onderwys- en opvoedingstaak onderneem. Ons glo in die kind, eerbiedig sy persoonlikheid en wil leerlinge met liefde help om hulle talente te ontdek en te ontwikkel en toe te rus met 'n waardesisteem wat hulle in staat stel om, in die lig van kennis, offervaardighede en dienswilligheid begelei te word tot 'n selfstandige, nuttige en verdraagsame individu wat binne die kulturele verband van ons gemeenskap sowel as die breë nasionale verband, hulle hul plek met selfvertroue en bekwaamheid sal kan vol staan.

B. MISSIE:

1. Die Laerskool Dirkie Uys poog om deur die medium van Afrikaans opvoeding aan te bied wat die volle ontwikkeling van elke individuele leerling nastreef deur middel van die volgende:
   1.1 Onderrig deur professionele toekomsgerigte onderwyspersoneel op die hoogste vlak.
   1.2 Goeie balans tussen die geestelike-, skolastiese-, kulturele- en sportbedrywighede.
   1.3 'n Skoolpraktyk wat Christelik gefundeer is en waarin leerlinge en onderwysers doelbewus aangemoedig word in die uitlewing van Christenskap.

C. KRITERIA:

1. Die skool sal binne sy perke van sy kapasiteit, geriewe, personeelvoorsiening en ander fasiliteite sy onderrig- en opvoedingsvermoë tot die beskikking stel van leerlinge wat:
   1.1 Bewys kan lewer dat hulle by die onderrig en opvoeding baat sal vind en
   1.2 Saam met hulle ouers / voogde onderneem om die etos van die skool, sy taalmedium, Christelike karakter en gesagstruktuur te eerbiedig.

2. Voorkeur sal verleen word aan aansoekers wat deur hul vermoë, gedrag en gesindheid dit moontlik sal maak om die hoë standaard van die skool, verder uit te bou.

3. Voorkeur word aan aansoekers wat binne die natuurlike bedieningsgebied van die skool woonagtig is, verleen.

4. Voorkeur vir inskrywing in Graad 1 word aan aansoekers wat skoolpligtig is, gegee.

5. Voorkeur vir inskrywings in Graad 1 word verleen aan aansoekers wat reeds broers en / of susters in die skool het of gehad het.

6. Geen aansoeker met 'n ouderdom van meer as twee jaar bo die graad-gemiddelde ouderdom vir die betrokke graad waarvoor gekwalifiseer, sal tot die skool toegelaat word nie. Die graad-gemiddelde vir Graad 1 is ses jaar en een jaar vir elke daaropvolgende graad.

7. Aansoekers wat om toetrede tot die skool aansoek doen, moet die volgende dokumentasie aan die skoolhoof voorlê:
   7.1 Geboortesertifikaat en Kliniekkaart,
   7.2 Onlangse betroubare skolastiese rekords (Indien vanaf 'n ander skool afkomstig).

8. Aansoekers se standaard van Afrikaans (mondeling sowel as skriftelik) wat die enigste voertaal van die skool is, moet sodanig op peil wees dat die aansoeker sinvol onderrig kan word.

9. Ouers / Voogde van aansoekers moet verantwoordelikheid aanvaar vir enige finansiële verpligtinge wat deur die skool gehef word.

10. Die onderriggeld soos jaarliks deur die Beheerliggaam van die skool bepaal, is as volg betaalbaar:
    10.1 Die volle bedrag in 'n eenmalige betaling op die dag van toetrede of voor of op 31 Januarie van die betrokke jaar.
    10.2 Die volle bedrag in tien maandelikse paaiemente aan die einde van elke maand en voor die 7de van die daaropvolgende maand, met dien verstande dat die bedrag teen die einde van November ten volle vereffen is.
    10.3 Indien die aansoeker nie op die eerste dag van die nuwe jaar toegelaat word nie, maar deur die loop van die jaar, is die ouers verantwoordelik vir pro-rata betaling van die jaarlikse onderrigfooie.

11. Aansoekers sowel as hulle ouers / voogde moet onderneem om die reëls, norme en etos van die skool te eerbiedig en te bevorder en bereid wees om die onderstaande Verklaring / Onderneming te onderteken.

Ek …… synde wettige ouer / voog van

……

aanvaar hiermee en onderneem om my neer te lê by bogenoemde missie, visie, strewe, dissiplinêre kode en kriteria van die Laerskool Dirkie Uys, Moorreesburg.

GETEKEN OUER / VOOG: ……

DATUM: ……

GETUIE: …… GETUIE: ……

DATUM: …….. DATUM: ……..

AFDELING C

(SLEGS GRAAD R, 1, 2 EN 3 AANSOEKERS MOET HIERDIE VORM VOLTOOI)

Pre- en Junior Primêr : Vertroulike Inligting Omtrent Kind

Naam van kind voluit: _____

Uit 'n getal van _____ kinders in die gesin is die kind die _____.(1ste, 2de, 3de ens.)

Onderstreep die siekte wat die kind gehad het:

Waterpokkies; Witseerkeel; Ingewandekoors; Masels; Pampoentjies

Skarlakenkoors; Kinkhoes; Senuweetrekkings; Bilharzia; Malaria;

Sinkingskoors

Noem enige ander siektes waaraan die kind gely het of nog ly: _____

_____

Meld (indien enige) operasies wat die kind ondergaan het. (Wanneer en waarvoor?)

_____

Gebruik die kind tans enige medikasie? Indien wel waarvoor?

_____

Het u kind enige probleme t.o.v.:

Allergieë: _____

Urinering: _____

Gehoor: _____

Gesig (oë): _____

Spraak: _____

Tande:_____

Op watter ouderdom het u kind begin praat? _____

Op watter ouderdom het u kind begin loop? _____

Meld asb. enige probleme voor of tydens geboorte van kind? _____

_____

Was die kind moontlik in enige ernstige ongelukke? (Gee besonderhede) _____

_____

Wat is die kind se eet en drinkgewoontes? _____

_____

Hoe laat gaan die kind saans slaap?_____

Slaapgewoontes: Bv. slaap rustig/onrustig, kry nagmerries ens.: _____

_____

Toon die kind enige tekens van senuweeagtigheid bedags of snags? (Gee besonderhede) _____

_____

Is die kind links- of regshandig? _____

Is daar by die huis enige dwang uitoefening in die verband? _____

Noem die plekke waar die kind meesal speel: _____

_____

Maats met wie kind meesal speel (onderstreep en noem ouderdomme) Broers _____

Susters_____Seunsmaats_____Meisiemaats_____

Hoe kom die kind klaar met die maats?_____

Hoe kom die kind klaar met die lede van sy/haar gesin? _____

Onderstreep persoonlikheidseienskappe en brei uit:

Gehoorsaam, ongehoorsaam, koppig _____

_____

Selfstandig, afhanklik _____

_____

Skaam, teruggetrokke, vrymoedig _____

_____

Vriendelik, humeurig, aggressief _____

_____

Verdraagsaam, prikkelbaar _____

_____

Onselfsugtig, selfsugtig _____

_____

Liefdevol, soek aandag, afsydig, soek nie aandag _____

_____

Genoeg/ te min/ te veel selfvertroue _____

_____

Hulpvaardig, nie hulpvaardig _____

_____

Ander eienskappe waarvan die skool moet weet_____

_____

Word daar tuis baie, geen of min stories aan die kind vertel of voorgelees? _____

Toon die kind belangstelling in musiek? _____

Enige ander inligting wat u van belang ag.: _____

_____

Is daar enige probleem wat u graag vertroulik wil bespreek? _____

Inligting verskaf deur vader/ moeder/ voog: ..... (Handtekening)

AFDELING D

SKOOLREëLS EN GEDRAGSKODE : LAERSKOOL DIRKIE UYS, MOORREESBURG

1. INLEIDING:

1.1 Hierdie reëls is opgestel deur die Beheerliggaam van die skool en het die bevordering van leerders se sedelike, geestelike en dissiplinêre vorming, die handhawing van goeie orde in die skool, die erkenning van die gesagstrukture en die uitbouing van die skool se goeie naam ten doel.

1.2 Leerders moet hul deeglik op hoogte stel van die inhoud en betekenis van die reëls asook enige wysiging of toevoegings daarvan.

1.3 Leerders moet al die reëls nakom. Oortreding of verontagsaming stel leerders bloot aan strafmaatreëls wat deur die hoof toegepas of gemagtig word.

1.4 Met hierdie reëls word slegs die breë beginsels/doelstellings uitgespel. Die Skoolhoof en Beheerliggaam behou die reg om fyner besonderhede te verskaf en toe te pas.

2. ALGEMENE REëLS:

2.1 Geen leerder mag hom skuldig maak aan optrede of gedrag wat, volgens gedragskode, die goeie naam van hierdie skool oneer aandoen of inbreuk maak op die regte van mede-leerders nie.

2.2 Alle leerders moet die weeklikse saalbyeenkomste bywoon. Slegs leerders wie se ouers of voogde vooraf skriftelike toestemming van die hoof verkry het, mag van die godsdienstige gedeelte van die saalbyeenkoms verskoon word.

2.3 Geen leerder mag minagtend teenoor die RSA se nasionale simbole of die skool se kodes optree nie.

3. GEDRAG EN OPTREDE VAN LEERDERS:

3.1 Elke leerder moet elke opdrag wat uit hoofde van hul ampspligte deur die onderwyser/es of die hoof aan hom gegee word stiptelik nakom.

3.2 Leerders moet die skool tydens vasgestelde skoolure stiptelik bywoon. ‘n Leerder mag nie sonder die Skoolhoof of waarnemende persoon in die hoof se plek sonder verlof die skool-terrein verlaat nie.

3.3 Leerders wat na die amptelike aanvangstyd by die skool opdaag, moet hulle eers persoonlik by die registeronderwyser aanmeld voordat hulle by die klas aansluit.

3.4 Leerders mag nie mede-leerders se liggaamlike welsyn benadeel of in gevaar stel nie en mag nie wapens of gevaarlike stowwe/materiaal in besit hê nie.

3.5 Leerders mag nie rook, alkoholiese drank, dwelmmiddels of opkikkers gebruik nie en mag nie aanstootlike leesstof of materiaal besit of uitdeel nie.

3.6 Geen klasvergaderings of samekomste word sonder amptelike goedkeuring toegelaat nie.

3.7 Geen leerders mag ‘n ander leerling se reg van onderrig ontneem nie.

4. ALGEMENE GEDRAG:

4.1 Geen leerder mag die skool se hoofingang gebruik nie.

4.2 Geen leerder mag na skool, oor naweke, of gedurende vakansies sonder verlof die skoolgebou binnegaan nie.

4.3 Ordelikheid, stiptelikheid en stilte is ‘n vereiste wanneer leerders aantree en verdaag of van lokale verwissel. Spesifieke reëls word hiervoor neergelê en mag van tyd tot tyd gewysig word.

4.4 Leerders moet deelneem aan die voorgeskrewe opvoedingsprogramme tensy vrystelling deur die Onderwysdepartement verleen is.

4.5 Leerders moet alle skoolfunksies soos deur die skool bepaal bywoon tensy daar goeie rede vir afwesigheid is.

4.6 Wanneer leerders by buitemuurse skoolbedrywighede aansluit, moet hulle hul verpligtinge en verantwoordelikhede in verband daarmee getrou nakom, tensy hulle betyds vooraf deur die betrokke onderwyser/es daarvan vrygestel is. Leerder moet betyds by sy betrokke onderwyser/es skriftelik verskoning maak.

4.7 Ten alle tye moet akademie voorrang bo enige ander aktiwiteite geniet.

4.8 Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir die wegraak of diefstal van enige waarde-volle artikels of speelgoed wat deur die leerders skool toe gebring word nie.

4.9 Leerders verskyn nie voor 15:30 namiddag op straat sonder ‘n grondige rede nie, georganiseerde sport uitgesluit.

4.10 *Beweging in die gange*:

4.10.1 Daar word nie gesels nie.

4.10.2 Stap flink en netjies agter mekaar en nooit met hande in sakke nie.

4.10.3 Ons stap aan die linkerkant van die trap of gang.

4.10.4 Wanneer ‘n klas voor julle verby beweeg, wag julle totdat die ry verby is voordat jul beweeg.

4.10.5 Daar word nooit in die gange of portaal gespeel nie.

4.10.6 Boeksakke word voor skool en gedurende pouses netjies voor die klaskamers gepak.

4.11 *In die klaskamer*:

4.11.1 Geen aantekeninge word in die handboeke gemaak nie.

4.11.2 Alle handboeke moet volgens die standaardvoorskrifte van die skool oorgetrek word. Alle skryfboeke volgens die voorskrifte van die betrokke opvoeder.

4.11.3 Voordat ‘n leerder die skool verlaat moet alle hand-, en biblioteek boeke by die betrokke klasonderwyser/es ingehandig word.

4.11.4 Daar heers ten alle tye ‘n leeratmosfeer, ook wanneer die onderwyser/es nie daar is nie.

4.11.5 Wanneer die klok pouses lui, kry die leerlinge hulle versnaperinge en staan ordelik, agtermekaar.

4.11.6 Sodra die klok lui , verdaag die klas ry vir ry.

4.11.7 ‘n Klaskamer word altyd ordelik verlaat.

4.11.8 Daar word nie opgespring wanneer ‘n vraag gevra word nie – slegs die hand word opgesteek. Ons klap ook nie die vingers nie.

4.11.9 Indien leerders van tydelike deelname aan fisiese aktiwiteite verskoon moet word, moet hul ouer/voog vooraf ‘n skriftelike versoek rig aan die verantwoordelike onderwyser/es.

4.11.10 In die geval van aansoek om permanente of langdurige vrystelling van fisiese aktiwiteite moet die aansoek gerugsteun word met ‘n mediese sertifikaat.

4.11.11 Geen besoeke deur ouers gedurende klastyd nie.

4.12 *Binne die skool*:

4.12.1 Eet in die skoolgeboue is verbode, behalwe op reëndae wanneer slegs gedurende pouses in die gange geëet mag word.

4.12.2 Diere word nie in die klaskamer toegelaat nie (behalwe vir mondeling).

4.12.3 Speelgoed moet binne die skoolgebou buite sig gehou word. Kolwe en balle moet in die hoek van die klas by die onderwyser/es gesit word.

4.12.4 Voor skool en gedurende pouses mag geen leerlinge sonder spesiale toestemming ‘n klaskamer betree nie.

4.12.5 Ons besoek die toilette net solank dit nodig is. Daarna was ons, ons hande.

4.12.6 Ons laat toilette en wasbakke soos ons dit self sou wil vind.

4.12.7 As ‘n leerling iets breek, moet dit sonder versuim aan die skoolhoof gerapporteer word. As leerders skooleiendom beskadig of verloor moet leerder dit self vervang.

4.12.8 Geen selfone word by die skool toegelaat nie.

4.13 *Op die skoolterrein*

4.13.1 Speel op aangewese plekke.

4.13.2 Geen bakleiery word toegelaat nie.

4.13.3 Ons gebruik nooit vuil- of skeltaal nie.

4.13.4 Geen gillery en skreeuery.

4.13.5 Kougom is absoluut verbode. Geen kougom nie.

4.13.6 Geen beskadiging, ontsiering of besoedeling van skooleiendom of enigiemand anders se eiendom mag plaasvind nie.

4.13.7 Gevaarlike speletjies, bakleiery of enige optrede waardeur iemand beseer of ander se klere of eiendom beskadig kan word is verbode op die skoolterrein.

4.13.8 Dit is verbode om enige gevaarlike voorwerp wat ‘n leerder kan beseer op die skoolterrein In jou besit te hê.

4.13.9 Fietse mag slegs in die skool se fietsrakke geplaas word en nie op die skoolterrein gery word nie.

4.13.10 Enige artikel wat op die skoolterrein opgetel word, moet by die kantoor ingelewer word.

4.13.11 Leerlinge mag nie fasiliteite of toerusting van die skool, insluitende die vir sport, buite skoolure, sonder die toestemming van die hoof en sy gemagtigde gebruik nie.

4.13.12 Geen skaatse of "roller blades" of skopfietse is toelaatbaar op die netbalbane nie.

4.13.13 Slegs ingeskrewe Gr. R leerders mag die speelterrein by die Gr. R klas gebruik.

4.13.14 Ouers en ander privaat persone mag slegs hoofingang en aangrensende parkeerareas vir motors gebruik.

4.13.15 Slegs tekkies op die tennisbane.

5. **KLEREDRAG:**

Wat die leerlinge se kleredrag en voorkoms betref, geld die volgende reëlings:

5.1 Die voorgeskrewe skool- en sportdrag is verpligtend vir skoolbywoning, amptelike skool-funksies en deelname aan georganiseerde skooltoere of uitstappies tensy anders gereël vir besondere geleentheid. Graad 1 tot 7 mag in die somer kaalvoet skool toe kom. Verwys na aangehegte kleredrag uiteensetting.

5.2 Na skool-ure word of die volle skooldrag gedra, of geen daarvan nie.

5.3 Leerders se skooldrag, naels en skoene moet skoon wees aan die begin van elke skooldag.

5.4 Sportdrag: Slegs amptelike voorgeskrewe sportdrag mag gedra word. Verwys na aangehegte kleredrag uiteensetting.

5.5 Leerders se hare moet netjies versorg, skoon en volgens die voorskrifte wees.

5.6 Seuns se hare moet kort, skoon en netjies wees. Geen snaakse haarstyle en stilering binne perke. Geen kleur of bleik nie.

5.7 Dogters se hare mag nie los hang nie. Lang hare moet gevleg of vasgebind word met 'n blou, wit of geel band of normaalweg met 'n rekkie.

5.8 Dogters se naels mag nie lank wees nie en die aansit van gekleurde naellak is ontoelaatbaar.

5.9 Geen juwele soos oorkrabbertjies, ringe, armbande, borsspelde, halssnoere, kettings of soortgelyke versierings (uitgesluit polshorlosies en klein dun goue oorringetjies of –knoppies) mag saam met skooldrag en gedurende skoolaktiwiteite gedra word nie.

5.10 Gesiggrimering, die kleur van hare en lang of geverfde naels word nie saam met die skooldrag toegelaat nie.

5.11 Kouse moet opgetrek bly: hemde altyd netjies ingesteek wees.

5.12 Leerders mag slegs erkende lapelwapens van Laerskool Dirkie Uys dra.

5.13 Skooltasse of boeksakke moet stewig en versterk wees om boeke ten alle tye te ondersteun. Geen slagspreuke mag op tasse geskryf/geplak word nie. Tasse met wieletjies moet in die skoolgange gedra word en nie rondgetrek word nie.

5.14 Leerders moet alle kledingstukke wat deel vorm van skool- en sportdrag met onuitwisbare ink merk.

6. Gedurende sang-, kuns- en ander praktiese klasse geld dieselfde dissipline as in die klaskamer.

7. **AFWESIGHEID:**

7.1 Indien iemand weet dat hy/sy die volgende dag om noodsaaklike redes afwesig sal wees, moet hy/sy die vorige dag by die Skoolhoof skriftelik verlof tot afwesigheid kry.

7.2 Indien ‘n leerling sonder verlof afwesig was, moet hy/sy die volgende dag ‘n briefie van verskoning, deur een van die ouers onderteken, aan die klasonderwyser/es oorhandig. Die rede vir afwesigheid moet gemeld word.

7.3 Dit is die leerder se verantwoordelikheid om sy tuiswerk te verkry en te doen sover as omstandighede dit toelaat.

8. **AANSTEEKLIKE SIEKTES**:

Ouers moet die skool verwittig indien daar aansteeklike siektes in die huis is.

9. **LEERDERVERSLAE:**

9.1 Opvoeders neem rapporte in en gee dit aan die einde van die jaar aan die leerders.

9.2 Na ‘n eksamen word die rapporte huistoe gestuur, maar moet geteken deur een van die ouers/voog terug aan die skool gestuur word.

10. ONS GLO DAT ‘N BIETJIE BEDAGSAAMHEID, WELWILLENDHEID EN SAMEWERKING DIE SKOOL VIR ONS ALMAL ‘N AANGENAME PLEK SAL MAAK.

11. Verder stel ons, ons dit te doel om oral en altyd ware ambassadeurs van ons skool te wees en ‘n positiewe beeld uit te dra.

---oOo---